



REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL II

AAN ONDERWYSER VERANTWOORDELIK VIR KANDIDATE IN DIE REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE-EKSAMEN

INSTRUKSIES RAKENDE DATALÊERS VERSKAF IN DIE IEB ELEKTRONIESE POSBUS: ASSESSERINGSMATERIAAL

Onderwysers moet seker maak dat die volledige pakket (woordverwerker, spreitabel en databasis), met inbegrip van assistente (*wizards*) en hulp, geïnstalleer en beskikbaar is op die rekenaars wat gebruik word deur leerders wat hierdie vak neem en hierdie eksamen aflê. Leerders sal die gebruik van 'n teksredigeerder, byvoorbeeld Notepad, WordPad, Komodo of Notepad ++, vir die HTML-kodering benodig. Vir leerders wat in Afrikaans skryf, moet 'n Afrikaanse speltoetsers geïnstalleer wees. Indien jy Microsoft-sagteware gebruik, is Microsoft Office 2007 die minimum sagtewarevereiste. Dit is nodig vir Graad 12 in 2020.

Datalêers

Die RTT Praktiese Eksamen Datalêers is in die IEB ELEKTRONIESE POSBUS: ASSESSERINGSMATERIAAL geplaas. Hierdie Datalêers moet teenoor BYLAAG A op bladsy 3 gekontroleer word en op die stoorspasie wat uitsluitlik deur elke kandidaat op die eksamendatum gebruik gaan word, gekopieer word.

Indiening van die praktiese eksamens vir nasiening

Die Rekenaartoeëpassingstegnologie: Vraestel II (Praktiese Eksamen) is geskeduleer vir Donderdag 15 Oktober 2020, vanaf 9:00 tot 12:00. Wanneer die eksamen voltooi is:

- Dit is die verantwoordelikheid van die RTT-onderwysers om te verseker dat al die kandidate se data op die twee kompakskywe met strepieskodes geplaas word, wat deur die IEB voorsien sal word.
- Elke kandidaat moet sy eie lêergids op die kompakskywe hê, met hul eksamennommer as die naam van die lêergids en alle lêers daarin geplaas.
- 'n Rugsteunkopie moet ook gemaak word en tot 28 Februarie 2021 by die skool op toepaslike bergingsmedia gehou word, om toe te laat dat die hernasienproses afgehandel word.
- Die twee kompakskywe met die strepieskodes wat die IEB voorsien het, moet in die opgestopte koevert geplaas word en in die elektroniese eksamensak toegesluit word, nie later as Donderdag 15 Oktober 2020 om 17:00 nie.
- **'n Voltooide en getekende afskrif van die PRAKTIESE EKSAMENVERKLARING IN GRAAD 12, 2020 (aangeheg), moet by die opgestopte koevert ingesluit word.**
- Die elektroniese eksamensak met die RTT praktiese eksamen kompakskywe moet teen Dinsdag 20 Oktober 2020 aan die IEB teruggestuur word.
- Die twee kompakskywe met strepieskodes en die opgestopte koevert sal in dieselfde versending as die RTT Praktiese Finale Eksamen aan skole gestuur word.

BRIEF VAN DIE SKOOLHOOF EN RTT-ONDERWYSER(S)



Byvoegsel tot Omsendbrief no.44/2020

Naam van skool	
Sentrumnommer	
Voltooi deur	
Betiteling	

Die IEB
Posbus 875
Highlands North
2037

Beste IEB

RE: PRAKTIESE EKSAMENVERKLARING IN GRAAD 12, 2020

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

Ons verklaar dat ons seker gemaak het dat	Merk u keuse met 'n kruisie	
al die werk in elke kandidaat se lêergids van die eksamenlokaal gekopieer is na die IEB kompakskywe sonder enige modifikasies van enige aard.	JA	NEE
al die werk in elke kandidaat se lêergids slegs die werk van daardie kandidaat is.	JA	NEE
twee afskrifte van die kandidate se lêergids gestuur is na die IEB op die twee kompakskywe wat deur die IEB verskaf is.	JA	NEE
GEEN KANDIDAAT TOEGANG TOT DIE INTERNET GEHAD HET GEDURENDE DIE EKSAMEN NIE.	JA	NEE
geen hulp of bystand van enige aard aan die kandidaat verleen is of toegelaat is om verleen te word nie anders as van 'n tegniese aard; 'n rekenaar wanfunksie of 'n kragonderbreking.	JA	NEE
'n omvattende insident verslag wat die rekenaar wanfunksie en/of kragonderbreking beskryf, aan die IEB gestuur is.	JA	NEE
'n kopie van al die kandidate se werk op die skoolstelsel gestuur is en op relevante berging tot op 28 Februarie 2021 by die skool gestuur word, tot wanneer die hernasieningsproses voltooi is.	JA	NEE

RTT-ONDERWYSER(S)

HOOF


DATUM

DATUM

BYLAAG A


LÊERS VIR LEERDERS

Die volgende bladsye behels die uitdrukke van die data wat aan elk van die kandidate verskaf is.




Figuur 1

Die **Antwoorde**-gids bevat een lêer. Verwys na **Figuur 2** hieronder.




Figuur 2

Die **Webwerf**-gids bevat twee lêers en een subgids. Verwys na **Figuur 3** hieronder.



Figuur 3

Die **Beelde**-subgids in die **Webwerf**-gids bevat drie lêers. Verwys na **Figuur 4** hieronder.



Figuur 4